SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

NUUSBRIEF
13 van 2026
23 Junie 2026

# BASISLYNASSESSERING VIR GRAAD 10 LEERDERS

SAKAI het basislynassessering vir die aanvang van Graad 10 ontwikkel om leerders se bevoegdheid in die taal van onderrig en leer (TvLO), en gesyferdheid met ingang van 2027 te bepaal. Hierdie assesserings maak nie van slaag- of druipkriteria gebruik nie synde dit eerder bewyse van die leerder se kennis deur die Senior Fase (Graad 7–9) verwerf is, lewer. Hierdie benadering is in ooreenstemming met internasionale beste praktyk, naamlik die benadering wat deur die OECD tydens PISA-assesserings gevolg word.

## Wie behoort die basislynassessering af te lê?

Hierdie assessering is gemik op leerders wat by ’n SAKAI-geregistreerde instansie sonder ’n geldige rapport, wil inskryf. Die nasionale assesseringsbeleid bepaal dat leerders slegs bevorder of progressie mag ontvang indien ’n geldige rapport die besluit ondersteun.

## Wat beskou SAKAI as ’n geldige Graad 9-rapport?

’n Rapport wat deur een van die volgende instansies uitgereik is:

- ’n Openbare skool;
- ’n Geregistreerde onafhanklike skool; of
- ’n SAKAI-geregistreerde instansie.

## Wat is die primêre doelwitte van die basislynassesserings?

Die primêre doel van die basislynassesserings is nie sertifisering nie, maar om leerders, ouers en instansies te ondersteun met:

- Die bepaling van die mees geskikte TvLO, naamlik Engels of Afrikaans, aangesien hierdie keuse ’n direkte invloed het op die leerder se vermoë om die onderrigproses te begryp, leesbegrip te demonstreer en samehangende skriftelike antwoorde te formuleer;
- Die ondersteuning van leerders by vakkeuse, veral ten opsigte van die keuse tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid;
- Leerders wat hul TvLO wil verander, behoort beide die Afrikaanse en Engelse basislynassesserings af te lê ten einde te bepaal of hulle die kurrikulum vereistes in die nuwe taal sal kan byhou;
- Die identifisering van leemtes of tekortkominge in leerders se kennis om individuele ondersteuningsprogramme (IOP’e) te ontwikkel.
- Om realistiese verwagtings ten opsigte van verwagte akademiese prestasie aan leerders en ouers te kommunikeer; en
- Om die strukturering van ‘n instansie se onderwysprogram te ondersteun.

## Kan leerders vir die assessering voorberei?

Ja, leerders kan vir die basislynassessering voorberei. Die assessering is gebaseer op die kennis wat gedurende die Senior Fase (Graad 7, 8 en 9) verwerf is.

### Hoe word die vraestelle saamgestel?

Daar is drie basislynassesseringsvraestelle, naamlik:

- Afrikaans (vir leerders wie se TvLO Afrikaans is);
- Engels (vir leerders wie se TvLO Engels is); en
- Gesyferdheid.

Elke vraestel tel 100 punte en bestaan uit twee afdelings. Die twee afdelings van elke vak moet oor twee 90-minuut sessies afgelê word, met 'n 30-minute breuk tussenin.

### Wat kan van die Afrikaanse en Engelse basislynassesserings verwag word?

Die taalassesserings toets die volgende op 'n finale Graad 9-vlak:

- Begripslees;
- Opsomming;
- Visuele geletterdheid;
- Poësie;
- Taalvaardighede; en
- Kreatiewe skryfvaardighede.
- Let wel: Die primêre doel is om leerders se bevoegdheid in en bemeestering van die TvLO te bepaal.

### Wat kan van die basislynassessering in Gesyferdheid verwag word?

Die gesyferdheidsassessering sluit inhoud uit Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid in, gebaseer op werk tot aan die einde van Graad 9. Aangesien hierdie assesserings op die bepaling van bevoegdheid asook basiese vaardighede en kennis gerig is, is dit nie volgens die struktuur van CAPS-voorgeskrewe eksamens gestruktureer nie.

### Wat is aanvaarbare prestasie in terme van die persentasie (%) behaal, en wat is die gevolge indien 'n leerder nie die aanvaarbare vlak behaal nie?

Die aanvaarbare persentasievlak is 50%. Indien 'n leerder nie die aanvaarbare vlak behaal nie, kan die volgende benadering oorweeg word:

- Lig die leerder en ouers in oor die uitslag en die dringende behoefte aan 'n detailleerde, struktureerde IOP met duidelik omskrewe mylpale;
- Ontwikkel en implementeer die IOP, en lig die leerder en ouers in oor die gevolge daarvan indien daar nie by die IOP gehou word en die mylpale nie bereik word nie; en
- Indien die leerder se prestasie objektief ver onder die aanvaarbare vlak is, byvoorbeeld laer as 20%, lig die ouers in dat dit moontlik in die beste belang van die leerder mag wees om Graad 9 te herhaal.

### Wie sal die assesserings nasien?

Die volgende sal van toepassing wees:

- Assesserings moet nagesien word deur gekwalifiseerde onderwysers wat die betrokke vak onderrig;
- Sodra die assesserings afgelê is, sal SAKAI op die dag van die assessering om 14:00 'n formele nasienriglynbespreking reël, waarna die nasienriglyne gefinaliseer sal word;
- Die finale nasienriglyne sal daarna vir nasiendoeleindes versprei word; en
- SAKAI sal van elke instansie 'n verteenwoordigende steekproef vir modereringsdoeleindes aanvra.

### Hoe moet die assesserings afgeneem word?

Die geloofwaardigheid, betroubaarheid en geldigheid van die assesserings is van die uiterste belang. Die assessering moet op dieselfde wyse as die halfjaar- en eindjaar SAKAI-gemeenskaplike eksamens afgeneem word, dit wil sê onder streng, werklike eksamentoestande. Dit impliseer óf die gebruik van die Invigilator-App, óf fisiese toesighouding deur SAKAI-gesertifiseerde toesighouers.

### Hoe sal die vraestelle versprei word?

Die benadering sal dieselfde wees as vir die amptelike gemeenskaplike eksamens. SAKAI sal die vraestelle in elektroniese formaat beskikbaar stel, en die instansies sal dit versprei soos dit normaalweg met eksamens gedoen word. Alle sekuriteitsmaatreëls moet nagekom word.

### Wanneer sal die assesserings afgeneem word?

Die assesserings word vir die volgende datums beplan:

- 09 Februarie 2027: Afrikaans
- 10 Februarie 2027: Engels
- 11 Februarie 2027: Gesyferdheid

### Wat sal die koste van die assesserings behels?

SAKAI sal die assesserings kosteloos beskikbaar stel. Die doel is om die instansies, die leerder en ouers te ondersteun ten einde deursigtigheid ten opsigte van die leerder se vermoëns te bied en sodoende ingeligte besluite oor die leerder se akademiese vermoë te fasiliteer.

### Hoe moet die assesseringsuitslae geïnterpreteer word?

Die volgende is in hierdie verband van toepassing:

- Die assesserings is nie ontwerp vir ’n slaag- of druippunt nie, maar om bevoegdheid en kennis op ’n werklike Graad 9-vlak objektief te bepaal;
- Die uitslae moet in die vorm van ’n diagnostiese evaluering aangebied word, gestruktureer rondom spesifieke onderwerpe, ten einde ’n gedetailleerde ontleding van leerders se sterk punte en areas vir verdere ontwikkeling moontlik te maak. Sodra die assessering volgens die voorgeskrewe nasienriglyne nagesien is, word die individuel leerder se uitslae in hierdie komponente uiteengesit;
- ’n Diagnostiese analise moet vervolgens toegepas word om leerders se bevoegdheid in elke area te bepaal. Dit moet tipies die leerder se bevoegdheidsvlak toon, nl. gedeeltelike bevoegdheid of as verdere ondersteuning vereis word;
- Op grond van die diagnostiese ontleding moet instansies sterk punte en probleemareas identifiseer ten einde die onderrigprogram te struktureer;
- Gestruktureerde intervensieprogramme moet ontwikkel word, byvoorbeeld:
    - ’n Leerder mag sterk begripsvaardighede toon, maar ondersteuning in taalstrukture of kreatiewe skryfwerk benodig. Sulke doelgerigte insigte maak ingeligte akademiese besluite moontlik, insluitend gepaste plasing, aangepaste onderrigstrategieë en die implementering van gefokusde intervensieprogramme waar nodig;
    - Die diagnostiese interpretasie van die basislynassessering in gesyferdheid kan ’n leerder se vermoë in verskillende areas van gesyferdheid weerspieël. Die assessering is so gestruktureer dat prestasie op suiwer Wiskunde-tipe vrae beoordeel word, gekategoriseer volgens laerorde- en hoërorde-kognitiewe vlakke. Dit ontleed ook prestasie op Wiskundige Geletterdheid-tipe vrae, wat op soortgelyke wyse in laerorde- en hoërordevrae verdeel is. Kortom, dit bied ’n oorkoepelende aanduiding van die leerder se vlak van bevoegdheid.

## Wat moet die instansie met die uitslae doen?

Die uitslae en diagnostiese analise moet met die leerder en ouers gedeel word. Deursigtigheid is belangrik om leerders en ouers bewus te maak van die leerders se werklike vermoëns. SAKAI sal ook die volgende inligting van instansies voor of op 27 Februarie 2027 aanvra:

- Hoe sal leerders ondersteun word?
- Kommunikasie met ouers?
- Hoe is onderrigprogramme aangepas?
- Wat is die uitkomste van die diagnostiese ontleding van die uitslae, aangesien dit SAKAI se toekomstige assesseringsprogramme kan beïnvloed?
- Watter ondersteuning word van SAKAI versoek?

## Waarom wil SAKAI toegang tot die uitslae hê?

Om die data bruikbaar te maak, sal elke basislynassessering met 10 demografiese vrae begin, soos ouderdom, geslag, huistaal en wie die leerders tot op Graad 9-vlak onderrig het. SAKAI streef daarna om die tuisonderrigomgewing, afstandsonderrig en aanlynskole te verbeter. Die uitslae sal waardevolle insigte in hierdie sektore bied en SAKAI help om toekomstige assesserings te struktureer.